# Liturgiese Riglyne

**N A G M A A L**

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Waardige nagmaalviering

**Skriflesing:**
1 Kor 11

**Teksvers:**
1 Korintiërs 11:27-29

**Sing:**
Ps 84:1,2,5
Ps 38:1,17
Ps 95:1,4
Sb 17-3:1,2
Ps 136:1,2,3
Ps 103:1,9,11
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

In die Rooms Katolieke Kerk word die nagmaalbrood vooraf deur die priesters geseën en dan verander dit in wese tot die liggaam van Christus! (So word die doopwater ook gewyde water!) Dit is die Transsubstansiasieleer van die RKK. Hulle noem die broodjie daarom nie meer 'brood' nie, maar wel 'n "*hostie*". Dit is afgelei van die Latynse woord *'hostia'* wat offer-lam beteken.

Gevolglik mag gewone mense, onwaardige leke, nie die heilige brood of wyn hanteer nie. Dalk mors hulle daarvan of daarmee!

Ons teks vandag gaan oor *waardige* en *onwaardige* nagmaal-viering. Jy kan selfs in 'n oordeel kom, beskaam word, as jy nie mooi oplet nie. Die vraag is dus: Is jy waardig? Wie mag dan Nagmaal vier? Wat is onwaardig? Ens.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Skuldig voor God, begenadig deur God

**Skriflesing:**
Eseg 36:16-38

**Teksvers:**
Eseg 36:21,22,25,26,27

**HK** Sondag 23

**Sing:**
Ps 34:1,2
Ps 72-1:1
Ps 23-1;3
Ps 145-1:1,2,3...
Ps 32-1:1,6
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

'n Hofsaak met 'n uitspraak wat nie logies is nie.

- Die aanklag is skuldig.
- Die uitspraak is genade.
- Die straf is vrygespreek.

Ons roem daarop dat ons 'n Christelike volk is. Maar wys ons dade en ons volkslewe dit? Wys ons lewe dat ons getrou is aan ons naam, Christene wat reformeer, terugkeer na die Bybel?

Die groot troos is egter in die volgende drie woorde saamgevat.

- Skuldig!
- Begenadig!
- Vrygespreek!



**KOMMUNIKAATJIE**

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 46 Nr 40 21 November 2021**

# Herinnering

*"Gaan roep hierdie woorde uit sodat elkeen in Jerusalem dit kan hoor. So sê die Here: Ek onthou nog hoe getrou jy aan My was in jou jeug; hoe lief jy My gehad het toe jy my bruid geword het, toe jy My die woestyn in gevolg het, in 'n wêreld waar niks geplant word nie."* JEREMIA 2:2

Die Here God roep die volk tot herinnering van hulle toewyding in die verlede. Toewyding wat blykbaar verslap het en so kry die Here nie die eer wat Hom toekom nie.

Ongelukkig is dit waar dat ons sukkel met volharding in toewyding. Dit wil voorkom of oorgawe en toewyding nie maklik van een geslag na die volgende oorgedra word nie. Die opwinding van 'n jong geloof taan maklik, en die vreug-de van die godsdiens verflou sommer gou. Die eerste liefde wat verlaat word omdat die self en die eie-ek tog so 'n groot rol in ons voortbestaan speel. Die Kategismus draai nie doekies om nie as dit stel dat "*ons van nature geneig is om God en ons naaste te haat".*

Die Here roep sy volk en kerk om sy groot dade in herinnering te roep. Ook die sonde-verlede waaruit jy gered is. Onthou wie jy was. Onthou wie jy was, sonder Christus! En roep in herinnering die groot dade van God. Maak sy Naam aan die mense bekend. Laat die nasies hoor en laat hulle jou liefde, oor-gawe en toewyding sien.

O kerk van Christus, onthou die toewyding van jou Verlosser. Hy wat jou bruidegom met volle oorgawe is en jou met sy dure bloed gekoop het. Kom vandag weer aan sy tafel en roep in herinnering wat Hy vir jou gedoen het, en laat ons, Hom weer met oorgawe dien en eer.

*"Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!"* (1 Tess 5:23)

Ds Maarten

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *09:00 - 14:00*

**Meer as oorwinnaars!**

Telefoon: **060 696 7373**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Thusofonds

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Christelike Onderwys

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417



# VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Ter Approbasie:**

Ouderlinge: Flip Jonker, Hennie van Rooyen, Jaco Basson, Frikkie Coetzer, Johan Kruger, Dion le Roux, Jan Reinecke, Marius Zwemstra

Diakens: Tinus Smuts, Willie Zaayman, Werner Pretzch, Jan du Plessis, Dirk Fowler, Johan du Preez, Anton Fourie, Eric Jacobs, Hendrik Bornman

**Onthef van die Roeping as:**

Oudl: Riaan van Schalkwyk, Tinus Nel

Diaken: Cobus Viljoen, Louis Dekker, Hercules du Plessis, Reg Horak, Allen Kenworthy, Dean Aucamp

**Ontslag** word toegestaan op 16 Jan, tydens die aanddiens, aan:

Oudl: Quinten Wait, Hennie Jv Rensburg, Hennie vd Walt

Diaken: PW Groenewald

## Attessake soos op 18 November 2021

**Met attestasie aangesluit**

Jaco en Maryke Maré van GK Rietvallei (C10)
Jaco en Ashley Wentzel en 1 dooplidmaat van GK Secunda (C15)
Daneel en Hanlie van Dyk en 3 dooplidmate van GK Vryheid (C6)
Henk en Erika van der Mescht en 2 dooplidmate van GK Rooihuiskraal (B09)
Christopher en Charlotte Fourie en 3 dooplidmate van GK Linden (B13)
Hanco en Franciska Buys van GK Pretoria - Meintjieskop (B11)
Dirk en Lida Lochner van GK Annlin (B11)
Lourens en Anne Marie Venter van GK Pietersburg Noord (C11)
Douw en Annelien Breed en 2 dooplidmate van GK Waterkloofrand (AA1)
Andie van der Walt en 1 dooplidmaat van GK Lyttelton (C12)
Stephanie van der Walt van GK Lyttelton (C12)
Johnny en Cindy Viviers van GK Groblersdal (A12)

**Opgeneem uit ander kerke**

Tiaan Venter terug vanaf Argief (B08)
Eugene Massyn van NG Boksburgpark en Susan Massyn van NG Kerk Sonder Mure (B11)

**Met attestasie vertrek**

Christiaan en Eljé Oosthuizen na GK Waterkloofrand (A04)
Tienie Butner na GK Port Elizabeth (A08)
Gerrie van der Merwe na GK Boksburg (C11)
Gerrit en Annelie Etsebeth en 2 dooplidmate na GK Rooihuiskraal (B13)
Marna Bosua na GK Port Elizabeth (C11)

**Gemeenskap beëindig**

Jurgens Swanepoel na NG Kerk Sonder Mure (B18)
Erika Whitlock en 1 dooplidmaat na NG Vishoek (A04)
Susan Hoogenboezem oorsee (A03)

**Argief—**Emmie Havenga

## FOTO PROJEK

Daar is opgemerk dat wanneer daar 'n naam afgekondig word tydens lief-en-leed, dit baie gebeur dat lidmate nie weet wie die persoon is nie. Ons ken nie almal se name nie, maar wel die gesigte.

Die diakonie wil graag daarom 'n foto-rekord van alle gemeentelede opbou. Lidmate se foto kan dan op die fotobord vertoon word tydens die deel van lief-en-leed.

U word versoek om ons asseblief hiermee te help deur 'n foto van uself en u familielede, afsonderlik, te stuur na gkcenturionfotos@gmail.com.

Dit sal werklik opreg waardeer word as u dit kan doen en by die foto die volgende inligting plaas:

**Naam en Van en Wyk nommer**

Vir verdere navrae kan u Petra Swanepoel kontak by 082 927 7324




**Nou te koop by die kerkkantoor**

**@**

**R100**



### Kerkkantoor se telefoon nr

Die kerkkantoor ondervind al die afgelope 5 maande probleme met die telkom-landlyn.

Indien u die kantoor benodig gebruik asb die onder genoemde nommer gedurende kantoor-ure.

Baie dankie.

**060 696 7373**



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**



## *Ons gee om vir Mekaar*

"*...die Here sal my onder sy sorg neem."* Ps 27:10

- **André Celliers** ondergaan weer van more af behandeling (A14—660 0952).
- **Hannes Pieters** het toetse ondergaan (C7—663 4222).
- **Hennie Pretorius** sterk aan in Kloof hospitaal (A3—662 0401).
- **Gerda Guldemond** sterk aan na 'n prosedure (A8—082 337 3326).
- **Meelewing** word betuig met:
- Anneke van Jaarsveld wie se swaer gedurende die week oorlede is. Hy was ook die oom van Bertie en Stephanie van Jaarsveld en Sanmari Venter.
- Ds Gerrit en Rika Kruger en familie na die afsterwe van ds Gerrit se neef.
- Jaco en Maryke Maré en familie na die afsterwe van Maryke se moeder. Asook ds Maarten en Phia en die hele van Helden familie; Johan en Attie Pretorius (ds Maarten en Attie se suster).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Verjaarsdae*

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21-Nov | Jani | Nel | C12 | 27836405304 |
| | Adél | Pretorius | A03 | 27827806259 |
| | Ané | vd Walt | B03 | 27845499831 |
| | Max | Vorster | A15 | 6515352 |
| 22-Nov | Christiaan | Ferreira | B12 | 27724476716 |
| | Angelique | Jv Rensburg | C03 | 6641530 |
| | Ruzanna | Kulikyan | E01 | 27723722279 |
| 23-Nov | Miemie | Helberg | A16 | 27828202078 |
| 24-Nov | Maryke | Maré | C15 | 27792587040 |
| | Frans | vd Walt | A13 | 27828812224 |
| | Hennie | vd Walt | C11 | 27829274326 |
| 25-Nov | Danae | Coetzee | C07 | 27726218637 |
| | Annelise | Jooste | C06 | 27720429738 |
| | Carien | Raath | B16 | 27662399388 |
| | Hernus | Vermeulen | A05 | 27824681276 |
| 26-Nov | Nico | Coetzee | C08 | 27827814310 |
| | Irene | Pelser | B05 | 27760155637 |
| 27-Nov | Tanya | Aucamp | B12 | 27731640713 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21-Nov | Sophia | Burger | B17 | 27737223587 |
| | Coert | Coetzee | B14 | 27821495552 |
| | Mianke | Kilian | B02 | 27794974784 |
| 23-Nov | Anika | Coetzer | B09 | 27725899448 |
| | Joané | Labushagne | B06 | 27786881507 |
| 25-Nov | Joandie | de Jonge | A14 | 27711088944 |
| 26-Nov | Sunelle | Louw | C10 | 27796910128 |
| | Milla | Schutte | B02 | 27798963647 |
| | Anne | vd Walt | A12 | 27746120066 |
| | Barend | vd Walt | A05 | 27795174273 |

### *Alethea Outreach*

### *11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou **skuld en lopende uitgawes** te betaal? Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. Tel 082 927 7324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Verkoop u, u huis?** U kan my aanstel as u oordrag prokureur. Onthou dit is die verkoper se keuse. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Is jou huis in die mark of soek jy 'n nuwe huis?** Ek het kopers wat in Centurion wil koop. Jaco Wattel, Veritas eiendomme 082 854 1430.

**Liewe Tiener**, Ek wil graag help met jou **Handelsvakke**: Rekeningkunde, Ekonomie en Besigheidstudies. Ek het ervaring in Nasionale senior sertifikaat, IEB en Cambridge. Web: tauwi.co.za. Aanlyn of aan huis. Carina vd Dussen 082 374 2780.

**Musieklesse vir oud en jonk**. Klavier, Viool, Ghitaar, Tromme, Blokfluit, Colourstrings Kindergarten, Musiek Teorie. Mariki Lessing (079 796 8563).

**Algemene administrasie en diktafoontikwerk gesoek—**U kan 'n MP3 en MP4 lêer aan my e-pos vir vinnige diens. Tillie Kloppers 082 753 0525.

**Pastorale Berading** kontak Esther du Plessis by 071 868 2257.

**Heerlike vrugtekoeke.** Klaar gebrandewyn, ± 1,3kg. Beskikbaar 26 Nov en 15 Des. Charvette Reesink 0823194172.

## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons wil elke lidmaat wat bygedra het tot die fonds bedank. Ons versoek dat u sal aanhou bydra aangesien die gevolge van die Covid pandemie steeds diep sny en daar heelwat mense is wat swaarkry.

Kontak asseblief u ouderling, diaken, predikant of die diakoniebestuur vir verdere inligting of indien u hulp nodig het.

Marius Gerber 082 327 2949
Rudy Kruger 082 466 6035
Petra Swanepoel 082 927 7324
Theuns Louw 082 815 4275

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/ hospitalisasie/herstelproses (bv Covid/kanker).

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.

**Daar is geen versorgings fasiliteite nie**—Bepalings geld op persone ouer as 80 jaar.

Die eenheid wat beskikbaar is bestaan uit : 2 slaapkamers, 1½ badkamers, kombuis, eet– en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Beskikbaar vir okkupasie vanaf ongeveer 1 Jan 2022. Die rigprys is R830 000. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.

Die eenheid is 108vkm en die maandelikse heffing is R1 425 plus u maandelikse kraggebruik en munisipale heffings. Watergebruik is reeds ingesluit in die genoemde heffing.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 20 Des 2021**



# S U S T E R S

## DROË VRUGTE

Die droëvrugte-voorraad is nou byna uitverkoop. Jy het nog net vandag geleentheid om 'n bestelling te plaas by die luik in die kombuis of per whatsapp na Rika Kruger 0768347774. Bestel gerus 'n paar pakke en bêre dit in jou vrieskas. Hierdie keer word net bestellings hanteer en ek bestel niks ekstra nie.

| | | |
|---|---|---|
| Ongeskilde perskes | 500g | R45 |
| Geskilde perskes | 500g | R65 |
| Gemaalde perskes | 500g | R45 |
| Nektariens | 500g | R50 |
| Pruimedante | 500g | R50 |
| Gemengde vrugte | 500g | R50 |
| Lekkers | 500g | R40 |
| Appelringe | 250g | R40 |
| Pere | 500g | R50 |
| Vrugtevlokkies | 250g | R40 |
| Perskerolletjies | 100g | R15 |
| Peerrolletjies | 100g | R15 |

Baie dankie vir jou ondersteuning deur die jaar.
Groete
Rika Kruger

## G T A Tieners

Boskopdam – Seilnaweek



2-5 Desember 2021 by Boskopdam.

Hou die datum oop vir 'n rustige afsluiting van die jaar.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**21 November**
C10 Leonie Nagel
B14 Elzabé vd Meer Barnard
A11 Louisa vd Walt

**28-November**
C09 Marique le Roux
B13 Annelette Gentle
A10 Louise Van Niekerk

## Teeskink/toebroodjies tydens begrafnisse

Noudat die Covid-19 inperkings nie meer so streng is nie, skink die Susters weer tee na 'n begrafnis. Die Susters verskaf ook toebroodjies as verversings.

Indien u kan help om toebroodjies te maak of/en te help met teeskink, sal ek bly wees as u vir my u naam en telefoonnommer kan gee. Ek sal na die oggenddiens by die Olyfboom wees indien u, u naam wil opgee.

U kan my ook kontak by 083 481 1160 indien u behulpsaam kan wees.

Baie danke vir u liefdesdiens en seënwense.

Liesje Kuperus.

## J u v e n t u s

Elke Donderdagaand om 19:00 by die kerkgebou.